

HOOFSTUK III.EVALUERING VAN DIE KIND MET DIE OOG OP BAANINDELING.

1. Inleidend.
2. Huidige metode van evaluering.
 - (a) Verstandelike vermoë.
 - (b) Skoolprestasie.
 - (c) Beroepspotensialiteit en -belangstelling.
 - (d) Ouer- en leerlingkeuse.
3. Moontlike leemtes.
4. Moontlike verbeterings.
 - (i) Basiese behoeftes.
 - (ii) Kumulatiewe verslagkaart.
 - (iii) Gestandaardiseerde prestasietoetse.
 - (iv) Oriënteringsprosedures en onderwysvoorsiening.
 - (v) Profiel.
 - (vi) Is baanindeling op hierdie stadium nodig.
 - (vii) Samevattend.

HOOFSTUK IIIEVALUERING VAN DIE KIND MET DIE OOG OP BAANINDELING.1. INLEIDEND:

In die voorafgaande hoofstuk is gewys op die baanstelsel, sy wese en doel en die T.O.D. se ideaal daarmee en ook op die praktiese implemetering soos in werklikheid aange-tref. Voordat baanindeling egter tot sy reg kan kom, moet ons besin oor die evaluering van die kind met die oog op die doeltreffendste baanindeling, altyd gedagtig aan die gevaar om 'n leerling 'n etiket aan te hang en te bestempel as 'n tipe wat beskou moet word as onbekwaam tot verandering en hom te wil afskryf, voordat alle pogings beproef is om omstadighede, gesindhede en stimulanste te wysig om die kind se sukses te verseker.¹⁾ Dit beklemtoon dan die belangrikheid van evaluering en die daarmee gepaardgaande meting.

2. HUIDIGE METODE VAN EVALUERING.

Wanneer leerlinge in groepe of kursusse geplaas word, kan hulle dan op grond van,

- (i) verstandelike vermoë, (I.K.)
- (ii) skolastiese prestasies,
- (iii) beroepspotensialiteit, aan die verskillende bane of kursusse toegewys word.²⁾

(a) Verstandelike vermoë:

Dit word gestel dat die I.K. as maatstaf slegs rigting-gewend beskou moet word en daarom moet faktore soos inspanning, beroepsbelangstelling en gesondheidstoestand ook in aanmerking geneem word.³⁾

1. The Curriculum of the secondary school. (Report of a consultative committee appointed by the executive of the national union of teachers 1952). p. 12 - 24.

2. Van Wyk A.H. du P. Verslag van oorsese sending, p. 73

3. Ibid.

Dat I.K.-gegewens egter belangrik is, ly geen twyfel nie, soos ook uit statistieke blyk, bv. die korrelasie tussen leerlinge se I.K.'s en hulle skoolprestasies in die eindeksamen van die Middelbare skool wat op 0.80% gestel is.⁴⁾ Dit gee verder 'n aanduiding van die verstandelike potensialiteit van die leerling. Dit is baie belangrik om te weet waartoe 'n leerling in staat is ten einde so 'n leerling toe te wys aan die kursus wat aan sy ontwikkelingsproses die maksimum stimulus en momentum kan gee sodat hy kan vorder tot die hoogste sport waartoe hy in staat is.

'n Vergelyking van 'n leerling se verstandsvermoë en skolastiese prestasie sal toon of die leerling volgens sy verstandsvermoë presteer of nie. Vandaar dan dat persentielresultate so belangrik is. As daar 'n redelike ooreenstemming is tussen die leerling se verstandsvermoë en skoolprestasie, is die prestasie van die leerling bevredigend want dit is dan volgens sy verstandpeil. Sodra daar egter 'n groot afwyking in die persentiel-resultaat is, is daar 'n aanduiding van een of ander leemte of wanaanpassing en moet diagnostiese en ooreenstemmende remediële maatreëls getref word, soos ook aanbeveel deur die Van Wykverslag,⁵⁾ sodat skolastiese prestasies in ooreenstemming met intellektuele vermoëns gebring kan word. In hoofstuk IV wat oor voorligting handel, word weer na lg. aspek verwys.

4. Kotzoe, A.L.: Intelligensie en skoolprestasie, Onderwysbulletin Vol. III No. 2, Junie 1958.
p. 124.

5. Van Wyk: op. cit. p. 75

Die verstandsvermoë gee ook 'n aanduiding van die pas waarteen 'n leerling kan vorder of behoort te vorder. Indirek sou dit ook vir die onderwyser 'n aanduiding gee van die tempo waarteen hy moet werk. Dit sou beslis ook kan aandui watter hoeveelheid en standaard van werk van die leerling verwag kan word. Dit bring ons onwillekeurig by die vraag van versnelde vordering of vertraging want soos Davies tereg beweer, is dit 'n paradoks dat hoewel leerlinge teen verskillende tempo's leer, hulle teen dieselfde tempo moet promoveer.⁶⁾ Hierdie aspek word verder in Hoofstuk V bespreek.

Die verstandsvermoë van die leerling verskaf ook 'n aanduiding van die studierigting of -kursus wat 'n leerling behoort te volg met die oog op die hoogsmoontlike sukses.

Psigometriese en skolastiese toetse in die onderwys is nie absolute maatstawwe soos die termometer of skroefmikrometer nie. Die moderne siening is dat die I.K. soos deur toetse bepaal werklik nie die belangrikste aspek van die leerling se geestestoerusting is nie. Dit moet aangevul word deur baie ander gegewens van prestasie en vermoë en enige oordeel moet dan baie tentatief uitgespreek word. Voorspelling van toekomstige prestasie en moontlikhede kan nie kategories geskied nie. Oorbeklemtoning van die I.K.'s moet vermy word, op kwantitatiewe terrein beteken dit eintlik nie meer as 'n aanduiding van sekere aspekte van die ver-

6. Davies, J.E.: Recent trends concerning examination, promotion and differentiation in secondary education. etc. p. 149

stand nie. Wechsler sê: "Intelligence is the aggregate of global capacity of the individual to act purposefully, to think rationally, and deal effectively with his environment" 7). Waar die kulturele en sosio-ekonomiese omgewings verskil, is dit raadsaam om te onthou dat die I.K. aanmerklik kan verskil en wel soveel as 17% volgens Burke. 8). Dit is juis as gevolg van die belangrike invloed van sosio-ekonomiese omstandighede op die I.K. dat hierdie aspek van die leerling se verstandelike toerusting met die grootste omsigtigheid in berekening gebring moet word by die baan- of kursusindeling. Dit is ook juis hierdie tipe leerling wat later in die hoërskoolloopbaan 'n aanvanklike kursusindeling kan loënstraf, soveel te meer rede vir die deeglike oorweging van alle faktore wat hierby betrokke is: klasprestasie, beroepspotensialiteit, beroepsbelangstelling, inspanning, gesondheidstoestand en ambisie.

(b) Skoolprestasie:

Skoolprestasie was tot op die huidige die volgende belangrikste konsiderasie vir kursusindeling naas die I.K. Van die skoolprestasie in die laaste standerd van die laerskool is kennis geneem by die baanindeling, maar die beslissende faktor in die verband was nog altyd die eksamenresultaat soos bereik aan die einde van die eerste- en tweede

7. Wechsler, D.: The measurement of adult intelligence, p. 3.

8. Burke, B.S.: The nature and limit of improvement due to training, In 27th yearbook part 1. N.S.S.E., 1928.

kwartale. Waar die beëindiging in die begin van die tweede kwartaal gedoen word, soos by sommige skole, word dit sterk betwyfel of al die betrokke leerlinge verseker kan wees van 'n billike beoordeling in die proses van kursusindeling. In hierdie verband word verwys na die omstandighede waarin die standerd ses leerling hom bevind as hy na die hoërskool kom, veral wat betref die psigologiese en sosiologiese aspekte.⁹⁾

Klasprestasie word grootliks beïnvloed deur die leerling se oriëntasie ten opsigte van elke vak, ook deur die verhouding van leerling tot onderwyser. Die aanpassing van die leerling by die skool veral wat betref klasorganisasie, metodiek van die onderwyser en vakmetodiek is ander belangrike aspekte wat die leerling se klasprestasie aanmerklik beïnvloed. Voeg hierby nog die leerling se liefde vir of vooroordeel teenoor 'n vak, tesame met die sg. "reputasie" van 'n vak en ons het nog verdere oorsake vir 'n onbetroubare klasprestasie.

In die praktyk is bevind dat dit juis hierdie klasprestasie is, wat aan soveel wisselende en belemmerende faktore onderhewig is, wat naas die I.K. dié faktor is wat die kursusindeling beslis. Jooste waarsku dat wanneer leerlinge nou in groepe geplaas word, daar nie net op hulle prestasies getel word en hulle dan in 'n rigting gestuur word volgens die aard van hulle vermoëns, in soverre as wat dit deur toetse gemeet kan word nie.¹⁰⁾

9. Vgl. Hoofstuk 1, p. 9 - 10.

10. Jooste, J.H.: Gedif, onderwys in die Transvaalse komp. hoërskool p. 140.

Ook Langeveld waarsku teen 'n te enge aanwending van die resultate van "test-onderzoek" wat seleksie en klassifikasie beoog.¹¹⁾

Prestasietoetse toon die standaard wat 'n leerling bereik het in besondere vakke. Prestasie word oënskynlik direk beïnvloed deur afwesigheid van skool, goeie of swak onderwys, en ook deur huislike omstandighede wat betref kultuurontwikkeling, hulp en inspirasie en hierdie toetse is eintlik nie 'n betroubare gids van 'n leerling se potensiaal vir toekomstige ontwikkeling en- of vordering nie.¹²⁾ Dit is dus nie raadsaam om in die evaluering van die kind te swaar te leun op klasprestasie nie. Volgens Jooste is klas- of toetsprestasie nie 'n maatstaf van die kind se vermoë nie, maar van wat hy van sy vermoë, onder die omstandighede waaronder hy hom tot op daardie tydperk bevind het, gemaak het.¹³⁾ Hy vind steun vir hierdie oordeel by Kohnstamm wat aanvoer dat natuurlike aanleg nie op grond van bereikte prestasies alleen, beoordeel kan word nie.¹⁴⁾ Hierby moet ons egter voeg: ambisie. Die individu het, of behoort 'n oogmerk of ideaal te hê wat vir hom die moeite werd skyn.¹⁵⁾

In verband met inspanning en ambisie kan gesê word dat dit twee hoekstene van sukses is, selfs al val die leerlinge

-
11. Langeveld, M.J.: Benknopte theoretische paedagogiek, p. 77.
 12. Pedley, Robin.: Comprehensive education: a new approach, p. 33.
 13. Jooste, J.H.: Klassifikasie van leerlinge in die Tvlse. komph. hoërskool p. 142.
 14. Kohnstamm, P.H. Keur, p. 47
 15. Curriculum of the secondary school etc.p. 152.

in die C-groep wat I.K.-indeling betref. In hierdie verband geld die voorbeeld van 'n leerling "A" by een van die groot hoërskole waar navorsing gedoen is, wat met 'n I.K. 87 in die B-kursus, drie onderskeidings behaal het met die skool-eindsertifikaateksamen.¹⁶⁾ 'n Soortgelyke geval is die van die meisie "C" wat ondanks 'n I.K. 80 en ten spyte van die voorligter, hoof en andere se advies om liever die C-kursus te volg, konstant geweier het om af te sien van haar ideaal om 'n skool-eindsertifikaat te behaal en dit wel behaal het.¹⁶⁾

(c) Beroepspotensialiteit - en - belangstelling.

Vervolgens moet aandag gewy word aan die ander faktore soos hierbo genoem wat belangrik is by die evaluering, t.w. beroepspotensialiteit en beroepsbelangstelling. Genoemde twee aspekte verg uit die aard van die saak die gebruik van persoonlikheids- en aanlegtoetse. Tot op die huidige is daar weinig of selde enige van beide in so 'n mate gedoen dat dit enige oorweging gedra het by evaluering.¹⁷⁾ Die voorligter is die aangewese persoon om hierdie aspekte van die leerling se persoonlikheid te ontdek, tewens dit is eintlik een van die oogmerke met die oriënteringsjaar. Die Van Wykverslag beklemtoon dan ook die noodsaaklikheid van doeltreffende voorligting en skryf selfs voor hoe dit gedoen moet word.¹⁸⁾

16. Empiriese studie.

17. Van Rensburg, J.T.J.: Die voorspelling van leerlinge se gehalte van prestasies in 'n akademiese komprehensiewe hoërskool p. 11.

18. Van Wyk, A.H. du P. op. cit. p. 75.

Voorligting word in 'n spesiale omsendbrief in besonder beklemtoon.¹⁹⁾.

Hierna word verder verwys in Hoofstuk IV.

Die voorligter moet dus vir sy beoordeling van beroeps-potensialiteit en beroepsbelangstelling gebruik maak van persoonlikheids- en aanlegtoetse. Bode beklemtoon die noodsaaklikheid van wetenskaplike ontleding want sê hy, die invloed van die moderne wetenskap oorheers ons hele beskawing, dit vorm 'n basis vir 'n filosofie van gerigtheid sowel as 'n basis vir die vertolking van die waarde van die onderwys in verhouding tot die moderne lewe;²⁰⁾. Wetenskaplike toetse vir die bepaling van potensialiteite en belangstelling is bv. die van Porter en Cattell.²¹⁾. Tot op die huidige het ons weinig of geen gebruik gemaak van dergelike toetse nie. Hoewel die kind nie 'n statiese absoluutheid is nie maar 'n lewende wese met 'n siel en dus nie gemeet en bereken kan word soos dooie materie nie, kan tog uiters waardevolle gegewens deur hierdie toetse bekom word. Hierdie gegewens kan dan bydra tot die beste beplanning van die kind se studierigting, vak en kursuskeuse. Savage toon aan dat hierdie toetse baie betroubaar, wetenskaplik en waardevol is vir voorspellende en diagostiese doeleindes.²²⁾.

19. T.O.D. Omsendbrief No. 102 van 1965.

20. Bode, B.H.: Progressive education at the cross-roads, p. 87, 100.

21.. Porter, R.D. and Cattell, R.B.: Children's personality questionnaire, U.S.A. institute of personality testing.

22. Savage, R.D.: Measuring schildren's abilities, personality characteristics, p. 27 - 30.

Sulke toetse moet nog uitgewerk en gestandaardiseer word vir S.A. toestande en behoeftes.

(d) Ouer en Leerlingkeuse:

Die vereistes vir die vakke en kursus wat die leerling wil volg, word nog grootliks bepaal deur die ouer se keuse en die leerling se begeerte, en heel dikwels bots hierdie keuse en begeerte met die kind se bekwaamheid, intelligensie, klasprestasie en beroepspotensiaal. Die beroepskeuse en gevolglike vakkeuse word dan hoofsaaklik bepaal deur I.K. en klasprestasie, benewens nog ook die beskikbare keusevake aan die betrokke skool en die soort skool. Of hierdie metode die doeltreffendste is en vir die kind die optimale geleentheid skep tot volledige ontwikkeling en volle benutting van sy potensiaal, bly 'n ope vraag.

3. MOONTLIKE LEEMTES:

Dit wil voorkom asof daar aanmerklike leemtes is in ons evaluering van die kind met die oog op baanindeling en die geleentheid tot uitvoering van die ouer- en leerlingkeuse; die gevare bestaan dat daar 'n etiket aan 'n leerling gehang word wat hom 'n onreg aandoen want ons moet in gedagte hou dat ons strewe na 'n opvoedingstelsel wat aan elke leerling die geleentheid tot volledige opvoedkundige vooruitgang onbelemmerd moet gee.²³⁾

As gevolg van die leemtes hierbo aangetoon bestaan die gevaar dat daar as gevolg van 'n mistasting in die baanplasing

23. Pedley, R.: op. cit., p. 195.

Of vakkeuse een of ander vorm van frustrasie kan ontwikkel. Hierdie frustrasie lei gewoonlik tot 'n tē. vroeë skoolverlating. Reeds het ons 'n tē groot persentasie jeugdiges wat sonder 'n st. 10-sertifikaat die lewe ingaan. (in 1961 was dit 55.3%). Boonop verlaat 38.8% van die jeugdiges die skool met slegs 'n st. 8 of st. 9-sertifikaat. ²⁴⁾ Hierdie jeugdiges betree die arbeidsmark as ongeskooldes en hulle ontluik moeilik tot volwaardige volwasselheid. Indien tē vroeë skoolverlating nie die gevolg is nie, kan so 'n leerling 'n probleemgeval word wat betref gedrag en ander afwykings. Hierdie afwykings neem verskillende uiterlike verskyningsvorme aan soos bv. ten opsigte van geestesgesteldheid, seksuele afwykings, moraal, godsdiens en 'n algemene fatalistiese houding. ²⁵⁾ Hierdie kinders met leer- en gedragmoeilikhede is verantwoordelik vir baie skool- en maatskaplike probleme en alles moet in die werk gestel word om dit te voorkom en/of te remediër. ^{25a)}

4. Moontlike verbeterings:

(i) Basiese behoeftes.

Die vraag ontstaan nou watter moontlikhede daar bestaan om die evaluering van die leerling doeltreffender te maak met die oog op kursusindeling. Dit is juis hierom wat die

24. Du Plessis, P.J.J. op. cit., p. 140.

25. Vgl. Hoofstuk 1, p. 6.

25a. Vgl. Lichter et, al., The drop-outs, Ch. 6, p. 100 - 143.

oriënteringsjaar gaan: hierdie jaar moet juis aangewend word om die doeltreffendste persoonlikheidsontwikkeling van die kind te verseker. Dit is dus noodsaaklik dat daar vooraf gewys word op 'n paar basiese behoeftes van die leerling vir doeltreffende en suksesvolle oriëntasie.²⁶⁾

Hierdie basiese behoeftes is: sekere fisiologiese behoeftes t.w. voeding, kleding, behuising, werk en ontspanning of rus; 'n gevoel van sekerheid ten opsigte van aanvaarding en van waardering van die individu deur sy eie mense, die skool en die sosiale groepe; 'n gevoel van bekwaamheid om met redelike sukses aan te pas by die magte wat hom omring en die eise aan hom gestel. Elke individu se akademiese, tegniese en selfs beroepsukses hang grootliks daarvan af of hy 'n doel of ideaal het wat vir hom die moeite werd is om na te streef.

(ii) Kumulatiewe verslagkaart:

Dit behoort moontlik te wees om al hierdie besonderhede en gegewens- eintlik 'n deursnee-aansig van die kind - te kry uit sy kumulatiewe verslagkaart. Hieruit sou dan die akademiese prestasie, sosiale aanpassing, sy huislike omstandighede, gesondheid, spesiale belangstellings en aanleg blyk. Verder sal ook afgelei kan word wat sy gedrag tuis, in die omgewing en by die skool is. Feitlik van die hele persoonlikheids groei en- ontwikkeling kan 'n beeld gevorm word.²⁷⁾

26. Guidance in the curriculum op. cit. p. 152.

27. Ibid. p. 152 - 153

Du Plessis praat van 'n "skoolvorderingskaart" en beklemtoon dat so 'n kaart 'n volledige persoonsbeeld van die leerling moet weergee.²⁸⁾ Dit sal boonop nodig wees dat die onderwyser gedurende die oriënteringsjaar volledige rekords sal hou van elke leerling t.o.v. verstandelike niveau, werkhouding en aanspreekbaarheid, gedraginge binne en buite die klas, die belangstellingsrigting, houding teenoor eie prestasie, milieuagtergrond en skool - of akademiese resultate.²⁹⁾

Hierdie skoolvorderingskaart sal desnoods vermeld wat die I.K. is en dit sal bloot as 'n rigtingswyser gebruik word en nie as die alfa en omega vir kursusindeling nie, want tereg sê Lynch dat reeds baie groot sukses behaal is deur leerlinge ten spyte van hulle I.K.³⁰⁾ Soos reeds hierbo gemeld is die beskikbaarheid van die resultate van persoonlikheids- en aanlegtoetse 'n noodsaaklike vereiste vir die suksesvolle verloop van kursusindeling en van vakkeuse.

(iii) Gestandaardiseerde prestasietoetse:

Die ware toedrag van akademiese of klasprestasie kan eers na regte en na waarde geskat word as dit die uitkoms is van gestandaardiseerde prestasietoetse, want ons moet sonder voorbehoud erken dat die evaluering van klasprestasie aanmerklik kan verskil nie net van skool tot skool nie maar ook van onder-

28. Du Plessis, P.J.J. op. cit. p. 155.

29. Ibid.

30. Lynch, J.R.: Differentiated education in the Transvaal secondary school, p. 209.

wyser tot onderwyser, sonder dat die subjektiewe faktor nog in berekening gebring is.³¹⁾

Volgens beskikbare gegewens is daar tot op die huidige eerstens geen persoonlikheids- of aanleg- of gestandaardiseerde prestasietoetse beskikbaar vir baanplasing nie en tweedens is daar nog nie in die evaluering van die leerling, hetsy in die oriënteringsjaar of daarna, gebruik van sulke toetse gemaak nie, soos ook reeds hierbo aangetoon en ook aangetoon deur Shiels.³²⁾ Dit vind plaas ten spyte van die ambisieuse aanbeveling van die Van Wykverslag.³³⁾

(iv) Oriënteringsprosedures en onderwysvoorsiening:

1. In hierdie verband is dit insiggewend om aandag te gee aan 'n prosedure wat in Nederland beoefen word gedurende die oriënterings- of "brugjaar". Hier word gebruik gemaak van gegewens omtrent die skoolvorderingstoets (S-score) en die I.K. (L.O.-iv test), die oordeel van die onderwyser, die sosiale milieu van herkoms, die geografiese milieu en die gesinsgrootte.

2 (a) In die V.S.A. word afsonderlike skole aangetref: met die oogmerk om elke individu geleentheid tot volle oriëntering en ontplooiing te gee. So is daar bv.

(i) Die akademiese hoërskool wat beoog om algemene opleiding te verskaf vir dië leerlinge wat hulle opvoeding deur middel van so'n hoërskoolkursus wil voltooi en vir diegene wat begering is om

31. Shiels, F.H.: A critical analysis of methods of selecting and streaming secondary school pupils... etc. p. 178 - 179.

32. Shiels, F.H. op. cit., p. 168.

33. Van Wyk A.H. du P. op. cit., p. 95, par. 33 - 35.

by 'n hoër inrigting aan te sluit.

(ii) Die tweede tipe is die beroepshoërskool waarvan daar twee hoofsoorte is bv. handels en tegniese. Hierdie skole verenig 'n algemene opleiding met die voorbereiding om 'n bestaan te maak en daar word ewe veel tyd aan elke afdeling bestee.

(b) Komprehensiewe skole - wat 'n verskeidenheid kursusse binne dieselfde inrigting aanbied. Hulle maak voorsiening vir die onderskeid in bekwaamheid en belangstelling (o.a. vir hand-, masjien- of laboratoriumwerk).

(c) Ook ander metodes van differensiasie bestaan bv. verskillende leergange en vakkeuses binne 'n besondere kursus om leergange in die behoeftes van besondere tipes leerlinge te laat voorsien.

3. In Kanada word alle pogings aangewend om die middelbare onderwys in verskillende tipes kursusse aan te bied om by die behoeftes van verskillende leerlinge aan te pas.

4. In Engeland is die sg. "tripartite system" d.i. drie tipes skole t.w. suiwer akademiese, middelbare moderne en middelbare tegniese skole. Die sg. 11-pluseksamen bepaal toelating tot die besondere tipe skool.

5. Ook België maak voorsiening vir akademiese of tegniese na-primêre onderwys. In al die lande word intelligensie-, gestandaardiseerde, skolastiese, diagnostiese, aanleg- en beroepstoetse, gebruik om die standaard vas te stel en te bepaal. watter tipe skool 'n leerling moet bywoon.³⁴). Leerlinge kan van die een tipe skool na 'n ander oorgeplaas word.

6. In Frankryk lê die leerling op 10 - 11-jarige ouderdom

34. Van Wykverslag op. cit., p. 27, 31. p. 245 - 250.

die sg. "sixth form entry examination" af ten einde vir die middelbare skool te kwalifiseer. Die Langevinplan beoog om verskillende studierigtings onder dieselfde dak beskikbaar te stel en dan die leerlinge se studierigting aan te beveel volgens aanleg en keuse. Op 15-jarige ouderdom word 'n kwalifiserende eksamen dan afgelê en onderhoude en beraadslaginge met opvoedkundige psigoloë, ouer en onderwyser word gevoer ten einde die beste beroepsrigting te bepaal.³⁵⁾

Die algemene neiging in Wes-Europa is die daarstelling van 'n komprehensiewe hoërskool met 'n kernleerplan. Daar word nie seleksie in bane toegepas nie maar wel voorligting en "setting" ten einde differensiasie te bewerkstellig op vlakke van die onderwys en nie differensiasie in die tipes skole of kursusse nie. Die onderwystelsels het 'n merkbare rekbaarheid en die kernleerplan wat vir 'n paar jaar gevolg word - min of meer 3 jaar - vervul 'n voorligtingsfunksie.³⁶⁾

Dit word beklemtoon dat skoolsukses aansienlik verbeter kan word indien alle middele aangewend word wat kan lei tot verhoging van die peil van onderwys.^{36a)} Dit is duidelik dat die gedagte omtrent die oriënteringsjaar en die gevolglike evaluering van die kind nie die grondliggende gedagte van sifting inhou nie maar veel meer die grondliggende gedagte van kanalisering van die God - gegewe begaafdheid van elke kind en die manifestasie daarvan. Die brugjaar behels nie net 'n

35. T.O.D. Onderwysbulletin Deel 3, 1958, p. 190 - 193, Artikel deur Cross en Spruyt.

36. Shiels, F.H.; op. cit., p. 155 - 156.

36a. du Plessis, P.J.J. op. cit., p. 149.

oriënterende funksie nie maar ook selekterende en determinerende funksies.

(v) Profiel.

Wanneer daar gedurende die oriënteringsjaar 'n ontleding van profiel gemaak word ten einde die persentielposisie van die leerling te bepaal, sal daar nie net kennis geneem kan word van die uitkoms nie maar daadwerklike ondersoek en diagnosering sal onmiddellik gedoen moet word ten einde komplikasies en afwykings te voorkom. Die Van Wykverslag beveel diagnostiese toetse aan met dienooreenstemmende remediële voorskrifte en die uitvoering daarvan.³⁷⁾ Dit is 'n ope vraag of daar ooit sodanige ondersoek en remediërende behandeling gedoen word behalwe in uiterste probleemgevallen wat na die skoolsielkundige verwys word. Wat van die onderpresteerders wat moedeloos en doelloos voortploeter, sommige smagtend na simpatie en inspirasie, baie met die klag dat niemand probeer om hulle te verstaan en/of te help nie? Dit is ook juis dié leerlinge wat moeilik aanpas en minder suksesvol in hulle skoolwerk is, wat moeilik die groep aanvaar en deur die groep aanvaar word, want die behoefte om deur die groep goedgekeur, aanvaar en waardeer te word, is een van die basiese, psigologiese behoeftes van die mens.³⁸⁾ Daar kan gevra word of hierdie aspek van die kind se psigiese toerusting deeglike oorweging en aandag geniet in die oriënteringsjaar want die

37. Van Wykverslag op. cit., p. 75, p. 95 par. 34.

38. Shiels, F.H.: op. cit., p. 58 - 60.

groot gevaar bestaan dat so 'n kind belangstelling, inisiatief en ambisie kan verloor en in die "U-stroom" onder gaan om later te voorskyn te kom as 'n delinkwent.^{38a)}

(vi) Is baanindeling op hierdie stadium nodig?

Dit is 'n aktuele vraag of dit wel opvoedkundig gesond is om reeds in st. vi afgebakende baanindeling te hê. Simon voer aan dat baanindeling wat reeds in st. vi gedoen word opvoedkundig ongesond is want dit stel arbitrêre beperking aan die geleentheid van die oorgrote meerderheid van die leerlinge en dit versteur die gevoel van eenheid tussen sowel die leerlinge as onderwyspersoneel. Dit sou selfs groter steun en samewerking van die ouers meebring as daar nie reeds so vroeg in die hoërskoolloopbaan van die kind enige diskriminerende optrede by wyse van kursusindeling plaasvind nie.³⁹⁾ In die verband kan vraag 3 van Bylae 1 ook vergelyk word, sowel as vraag 15 van Bylae 3 b.

Vernon beweer dat dit onmoontlik is en selfs nadelige opvoedkundige gevolge kan hê om leerlinge reeds op hierdie stadium in vaste bane te verdeel. Hy sê 'n rekbare stelsel van groepering en organisasie is nodig.⁴⁰⁾ 'n Onbuigbare sisteem van kursusindeling is nie in die beste belang van die st. vi-leerling nie, tewens daar is behoefte vir subgroepering vir verskillende vakke m.a.w. vir die sg. "setting",⁴¹⁾

38a. Vgl. Strom R.D. "A realistic curriculum for the predictive dropout," In Alexander W.M.: "The changing secondary school curriculum" p. 296 - 298.

39. Simon, B.: New trends in English education p. 23, 31

40. Vernon, P.E.: Secondary school selection, p. 185.

41. Ibid: p. 60 - 65.

want die feit bly staan dat die omgewing waarin die kind hom bevind, in hierdie geval sy maats, hom kan aanspoor en inspireer tot hernude pogings. As die skool 'n atmosfeer moet verskaf waarin elke individu die geleentheid gebied word om sy potensiaal ten volle te ontwikkel, dan is dit ook 'n noodsaaklike funksie van die skool om die middele te voorsien waardeur hierdie ontwikkeling van potensialiteite kan geskied. 42). (Met "setting" word bedoel die plasing van leerlinge in vlakke van studie en/of groepe van vakke. Toetsing vind dan vir verskillende vakke op verskillende niveaus plaas m.a.w. dit is 'n herindelings van leerlinge vir elke vak of vakkombinasie volgens hul prestasies). 43).

(vii) Samevattend.

Die hoofsaak egter is dat in die evaluering van die st. vi-leerling gedurende die oriënteringsjaar daar gebruik gemaak moet word van alle middele ten einde te verseker dat die kind die uitgangspunt bly om sodoende die grondslag te lê vir verdere middelbare onderwys, akademiese sowel as beroepsonderwys; die oriëntering van die leerlinge aan die nuwe skool te vergemaklik en deur ondersoek en waarneming en toetsing die leerlinge te help en te lei by die keuse van verdere onderwysrigtings sodat die beste kanse hulle aangebied kan word. Seleksieprosedures sou dan meer na 'n voortdurende en individuele begeleiding van die leerling neig, soms selfs met

42. Vredevoe, L.E. Grouping of secondary pupils. California Journal of secondary education,

Vol. 30 Jan. 1955, p. 48.

43. Shiels, F.H. op. cit., p. 151 par. IV.

kliniese hulp en leiding aan diegene met leer- en gedragsmoeilikhede. In die oriënterings-, determinerings- en selekteringsprosedures sou ouers dan ook stedselmatig betrek word. Aan die oordeel van die onderwyser sal dan 'n hoë waarde toegeken moet word, ook in die beïnvloeding van die vak- en kursuskeuse, mits die onderwyser die nodige onderleg het, want, waar die leerling se toekoms op die spel is en hy nie die slagoffer van 'n skoolsisteem mag wees nie, moet die leiding oor die hele oriënteringsjaar in die hande van 'n spesiaal onderlegde onderwyser wees. Seleksieprosedures wat die intellektuele aspek beklemtoon bo of ten koste van die emosionele, fisiese en sosiologiese faktore en behoeftes, kan nie aanbeveel word nie.

'n Verouderde tipe eksamen aan die end van 'n kwartaal of halfjaar kan nie uitsluitel gee oor die aanleg en vermoëns en potensialiteite van 'n st. vi-leerling nie. Wat onderwys word en hoë dit onderwys word, affekteer die groei en ontwikkeling van die intelligensie en boonop besit elke leerling fisiese, intellektuele, emosionele, sosiologiese, morele en estetiese moontlikhede wat dalk nie eers moontlik is om deur die eksamengerigte onderwys ontwikkel te word nie.

Dit mag selfs nie wenslik wees om sommige van hierdie moontlikhede te ontwikkel nie. Dit is dus noodsaaklik dat hierdie moontlikhede ontdek moet word sodat die leerling die onderwys kan ontvang waaruit hy die grootste voordeel kan put.⁴⁴⁾

44. Shiels, F.H. op. cit., p. 146.

Die vraag of dit dan gerade is of nodig is om reeds na die eerste of tweede kwartaal, na aflegging van 'n eksamen en op grond van die uitslag daarvan 'n baanindeling te doen, bly 'n probleem waarop ingegaan sal moet word.